

Skriflesing: Matteus 8: 23 – 27

Tema: Die Here is ook in jou skuit, vertrou op Hom, Hy sál jou storm vir jou stil maak

1. Die gebeure op die see

Na 'n lang dag wat Jesus die mense geleer en siekes gesond gemaak het, lees ons dat Hy en sy dissipels in 'n skuit op die see van Galilea geklim het. Ons lees dat Hy in die skuit geslaap het ongeag dat daar 'n storm op die see van Galilea losgebars het. Daar was geen vrees en bekommernis by Hom oor wat besig was om te gebeur nie. Die dissipels aan die anderkant het baie bang geword. Hulle was seker dat hulle sou verdrink en daarom het hulle die Hom wakker gemaak en gesê: “Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?” (beskrywing van Markus). Die Here se antwoord: “Waarom is julle bang, kleingelowiges?” Om “kleingelowig te wees” beteken “om klein te dink van God”. Daarna het Jesus die storm stil gemaak.

2. Die plek van hierdie gebeure op die see, in God se “groter openbaring”

Hierdie gebeure op die see van Galilea het afgespeel net nadat die Here dit aan die skare duidelik gemaak het “Hoe Jesus (Hy) gevolg moet word” (Matt 8:18-22). Met die lees van hierdie gedeelte is dit duidelik dat dit nie 'n maklike pad is om die Here te volg nie, maar wel 'n “swaarkry-pad” (beproeving). Hierdie wêreld is vyandig teenoor die Here (kruisiging) en hulle wat Hom volg.

3. Die toepassing/betekenis van hierdie gebeure op die see

Eerstens t.o.v. die kerk: Die kerk is spreekwoordelik soos 'n skuit wat heen en weer geslinger word deur die aanslag op die kerk. Hierdie aanslag word aangevuur deur die Satan, om die kerk en hulle wat spreekwoordelik in die skuit van die kerk is, tot ondergang te bring (die boek Openbaring). Die kerk en sy boodskap word verag en God word daagliks verloën as Heerser oor alles en almal. Dan is daar ook die wat die kerk wil verander sodat alle mense van die kerk kan hou en daarom bly hulle nie by dit wat in die Bybel staan nie. *Tweedens t.o.v. jou as afsonderlike gelowige:* Jy (grootmens, oumens, kind) is ook “in 'n skuit op die stormsee” – die satan doen alles om jou as gelowige te laat ondergaan, want so wil hy jou en die saak van die Here skade aandoen. As die Here Jesus Christus deel van jou lewe is, is jy 'n teiken vir 'n “storm op jou see”.

4. Die troos van hierdie gebeure op die see

Die Here was in die skuit op die see van Galilea en dit tot redding van die dissipels, maar die wonderlike is, die Here is ook in ons skuit as kerk en afsonderlike gelowiges. Die Here (Christus) se grootse “in die skuit wees”, bedoelende Sy grootste daad van redding vir hulle wat saam met Hom was en is, is sy offer aan die kruis op Golgota. Daar het Hy die oorwinning oor die satan en sy magte behaal, sodat die gelowiges nooit uit Sy hand geruk kan word nie. Maar ons moet *onthou, weet en glo*, dat soos die Here in die skuit op die see van Galilea was, is Hy ook in die skuit van ons lewe vandag, of dit nou die kerk of ons eie lewe is. Dit beteken: Ons hoef nie alleen die storm in ons lewe deur te sien nie, wat ons storm ook al sou wees. Die wonderlikste openbaring van alles vanuit Matt 8: 23 – 27: *Die Here Christus sal ook my en jou storm vir ons stilmaak, maar dan moet ons nie kleingelowig wees nie.* Ons moet nie “klein dink van God” asof Hy ons nie kan bewaar en ons deur die storm kan bring nie, maar meer nog, dat Hy nie vir ons die storm kan stil maak nie.

Glo, bely en leef: Die Here is ook in jou skuit, Hy sál jou storm vir ons stil maak.